

Sing vooraf staande: Skrifberyming 12-3:1, 2 (nuut)

- 1 Enigste Here, enkele Wese, / ons glo in U met ons hele hart.
Heerlik bely ons, vry-uit getuig ons: / U is vir ewig God en Heer.
- 2 U, onbegryplik, U is onsienlik, / altyd dieselfde, oneindig groot.
U is almagtig, wys en regverdig – / U is die bron van alle goed.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.
Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Lofpsalm 89:3, 14 (p. 444)

- 3 Die hemel loof, o HEER, u wonderbare mag; / die eng'le prys u trou en waarheid dag en nag.
Want in die hemel is daar niemand U gelyk nie; / geen seraf wat voor U die vleuel nie moet stryk nie.
U's groteliks gedug en eind'loos in vermoë, / u onverbreekb're trou omring U voor hul oë.
- 14 'k Het by my heiligheid aan Dawid trou gesweer, / beloftewoord wat Ek bevestig altyd weer;
sy nageslag en troon sal voor My wees onendig, / net soos die son se lig so glansryk en bestendig;
net soos die maan so vas. En bo die hemelboë / staan die Getuie, in getrouheid onbewoë.

Geloofsbelydenis: Apostolicum

Na die wet pleit ons met Psalm 119:13 (p. 589) by die Here om ons – na sy belofte – te lei op die pad van heiligmaking.

Wet

Psalm 119:13 (p. 589)

- 13 Wees my goed na u belofte, / dat ek smaders tot hul spyt
reg kan antwoord op hul smading / wat my Godsvrees my verwyd.
Neem u woord nie uit my mond nie, / waar my hoop is op gebou.
Dan getuig ek van u waarheid / wat ek graag wil onderhou.

Gebed

Psalm 36:1 (p. 178)

- 1 Die boosheid van die bose man – / my diepste hart getuig daarvan: / “Gods vrees is uit sy oë.”
Hy vlei homself, in kwaad verstyf, / Dat God sy snode wanbedryf / vir altyd sal gedoë.
Bedrog en onreg is sy woord. / Hy gaan in sy onwysheid voort / en vrees geen bose handel.
Hy maak by nag sy planne reg, / en kom dan op die sondaarsweg / om in sy kwaad te wandel.

Skriflesing: 1 Konings 14

Teks: 1 Konings 14:6c

Aan my is 'n harde boodskap aan jou toevertrou. (1 Konings 14:6c AFR1953)

Dit gaan in hierdie gedeelte oor konflik. Jy kan net met ander mense en met God saamlewe as jy jou pad reguit loop.

- As jy op enige manier skynheilig is, gaan die Here jou daarvoor konfronteer.
- Die Here gaan jou nie diplomatie – soos ons diplomatie verstaan – en ook op die front wat jy voorhou, konfronteer nie.
- Die Here gaan jou aanvat op die waarheid wat agter die skerms lê – in jou diepste seermaakplekke. Dit is waar Hy die kwaad uitroei.

Uiteraard beteken dit dat as ons die Here waarlik en reg wil dien, ons baie keer in ons lewe in konfrontasie met ander mense sal beland.

- Met medegelowiges en ook met ongelowiges.
- Maar dan moet een ding vir ons duidelik wees: Die eer van die Here moet gedien word.

Ons gaan in hierdie preek aan die hand van die Bybel aandag gee aan die volgende sake:

- 1. Wat veroorsaak konflik?**
- 2. Kan konflik tussen mense voorkom word?**
- 3. Hoe moet ons konflik hanteer?**
- 4. Gaan volg Jesus en leef reguit tot Hy kom.**

1. Wat veroorsaak konflik?

Oneerlikheid teenoor die Here loop uit op konflik. Kom ons volg Jerobeam se geskiedenis op die voet. Ons kyk hoe hy gevorder het en koning geword het en waar hy skeefgetrap het.

Hy was die kind van 'n weduwee.

- Die besondere vermelding in die Bybel is om ons te laat verstaan dat hy arm grootgeword het (1 Konings 11:16).
- Hy was 'n harde werker.
 - Toe hulle die terrasse om Jerusalem gebou het, was hy 'n toesighouer oor 'n groep van die Efraïmitiese werkers.
 - Salomo het opgemerk hoe flink hy was en het hom toe aangestel oor al die dwangarbeiders uit die stam van Josef.

Jerobeam se nuwe werk het veroorsaak dat hy meestal buite Jerusalem moes reis.

- By een so 'n geleentheid het die Here hierdie selfde profeet Agia, van wie ons gelees het, na Jerobeam toe gestuur.
- Daar, alleen in die veld, het Agia sy nuwe mantel in twaalf stukke geskeur en Jerobeam beveel om tien van die stukke op te tel.
- Hy het toe geprofeteer dat die Here Jerobeam gaan koning maak oor tien van die stamme van Israel (1 Konings 11:29).
- Die profeet het die rede ook gegee: Dit was omdat die Israeliete allerhande afgode begin dien het.

Die dinge wat die profeet vir Jerobeam opgenoem het as motivering vir die Here se optrede, was inderdaad 'n direkte verwyd teen Salomo, want die afgode wat opgenoem word, is dieselfde as die lys van afgode wat Salomo in sy laaste jare gedien het (1 Konings 11:4-6).

Kom ons kyk wat is die betekenis van hierdie stuk geskiedenis.

- Die Here openbaar aan Jerobeam dat Hy die huidige koningshuis (die een van Salomo) gaan straf omdat hulle in afgodediens verval het.
- Dit is 'n baie duidelike padwyser vir hom. Hy moet die Here dien wanneer hy koning is, anders gaan die Here hom ook straf en alles van hom af wegneem soos wat die Here met Salomo doen (1 Konings 11:37-39).

Die geskiedenis wat ons gelees het, bring ons by die werklikheid: Jerobeam kon nie doen wat die Here van hom verwag het nie.

- Hy het teen Salomo in opstand gekom en hy moes vlug.
- Hy is toe Egipte toe waar hy asiel gekry het by Sisak. Daar het hy gebly tot Salomo dood is.

Wat het in daardie jare in Egipte gebeur?

- Jerobeam het die Egiptenare se godsdienste aangeleer.
- Hy het deurmekaar geraak met presies dieselfde afgodsdienste wat destyds, toe die Here die Wet gegee het, uitgeloop het op die gouekalf-episode.

Daarna leer ons Jerobeam ken in sy oneerlikheid.

- Ons lees in 2 Konings 12 dat hy twee amptelike bidplekke gemaak het en sy volk beveel het om daar te gaan bid en nie meer in Jerusalem nie.
- Hy het vir elke bidplek 'n goue kalf gemaak en dit amptelik verklaar as die volk se gode wat hulle verlos.

Die Here het Jerobeam deur 'n profeet uit Juda laat waarsku, maar alles het niks gehelp nie.

- Jerobeam het van kwaad na erger gegaan – hy het almal wat wou ook nog as priesters van die hoogtes aangestel (1 Konings 13:33-34).
- Hy het nooit in sy lewe weer van koers verander nie. Hy het met hierdie afgodsdienste volhard.

Tog het Jerobeam in sy oneerlikheid iewers 'n dubbel rol gespeel, want daar is tekens van dat hy soms wou voorgee dat hy die Here ook aanbid.

- Hy en sy vrou het een van hulle kinders die naam Abia gegee. *Abia* beteken *Jahwê is my Vader*.
- Dit was egter nie goed genoeg nie. Daarom het hy in konflik met die Here gekom.

2. Kan konflik tussen mense voorkom word?

Die antwoord is: Nee. Alle mense wat met God moeilikheid soek, kry dit.

Die dag van konflik het aangebreek toe die klein Abia siek geword het.

- Die siekte was ernstig en die koning en sy vrou wou weet of hulle kind sou doodgaan en of hy gesond sou word. Dit is die geskiedenis wat ons gelees het.
- Jerobeam het as gevolg van sy sondes nie meer maklik met die profeet Agia omgegaan nie.
- Daarom stuur hy sy vrou na Agia toe. Maar sy moet haar vermom.

Let u op hoeveel konflik en spanning is daar by ongelowige mense?

- Jerobeam weet baie goed dat Agia die waarheid voorspel.
- Hy herinner sy vrou daaraan dat Agia voorspel het dat hy gaan koning word. Hy glo dus vas dat Agia ook sal kan voorspel wat met hulle kind gaan gebeur.

Maar, en dit is belangrik, hy wil nie tot bekering kom nie.

- Hy wil die Here net misbruik sonder om die Here te dien.
- Hy en sy vrou wil nie met berou en met bekering na God toe gaan nie.
- Sy moet haar vermom en hy bly by die huis.
- Daar is geen ootmoed en geen teken daarvan dat hulle in diens van die Here wil lewe nie.

Mense wat so maak, kan nooit die pad met die Here loop nie. Daarom vertel die Bybel hier iets tussenin.

- Die profeet was nou al 'n baie ou man.

- Sy oë was al stokstyf van ouderdom.
- Hy kon nie meer sien nie.
- Maar sien was ook nog nooit vir die Here belangrik nie.
 - Dit was altyd maar mense wat sien belangrik gemaak het, en wat tekens wou hê.
- Daarom gryp God by die sigbare verby.
 - Die Here openbaar aan Agia dat die koningin op pad is.
 - Sy oë sou hom moontlik kon bedrieg, want sy is opgemaak en vermom. Alle menslike faktore werk saam om te voorkom dat Ahia moet weet wie die besoekster is.
 - Maar dan tree die Here in met sy openbaring!

Die Here openbaar dat Agia nie hoef te sien nie; hy moet net luister wanneer sy kom. Verder openbaar die Here ook aan Agia wat hy moet sê.

Kyk hoe belangrik is hierdie geskiedenis.

- Die Here gee Jerobeam se vrou geen kans om toneel te speel nie.
- Trouens, deel van die konfrontasie gaan juis oor haar aanstellerigheid, naamlik dat sy voorgee wie sy nie is nie.
- Die Here gryp deur die valsheid tot op die bodem van die saak – jou voorkoms kan die uiteinde van die Here se saak met jou nie verander nie.

Die Here konfronteer ons met dit wat ons is.

- Agia vra nie wie sy is nie.
- Ook nie wat sy daar kom doen nie.
- Die Here laat sy profeet die vrou aanspreek met die naam waarvan sy op daardie stadium die minste gehou het: *vrou van Jerobeam!*

Kyk hoe hanteer die profeet die saak.

- Hy is nie onbeleefd en bombasties nie, maar hy praat tog reguit en ontdekkend.
- In die woorde *vrou van Jerobeam* lê daar iets van 'n verwyt:
 - Julle dien mos nie die Here nie, wat soek jy hier!
 - Jerobeam was bekend daarvoor dat hy die Here verwerp het en die kalwerdiens gepropageer het.

Die Here stel die saak seer, maar waar.

- Die Here het groot weldade aan Jerobeam bewys.
- Daarteenoor was Jerobeam niks dankbaar en getrou teenoor die Here nie.
- Daarom stel die Here die ondankbaarheid van Jerobeam teenoor die genade wat hy van die Here gekry het.

Die Here het Jerobeam opgehef uit sy volk. Miskien moet hier gedink word aan sy armoedige afkoms.

- Ter wille van hom het die Here 'n deel van die koningskap van Israel afgeskeur van die huis van Dawid af.
- Die Here het hom verhef van slawedrywer tot koning van tien stamme (vergelyk 1 Konings 11:30, 31).

Jerobeam se uiteinde was nie beter as wat dit was met Dawid nie (vergelyk 1 Konings 11:38; 1 Konings 14:8).

Dit was slegter, want Dawid het op een punt beter presteer as Jerobeam:

- Al het hy hoeveel keer sonde gedoen, het hy sy lewe op een lyn gehou met dit wat die Here

van hom ver wag het.

- Hy het elke keer sy sonde deur diep berou met die Here gaan regmaak. Dit kon Jerobeam nie doen nie.

3. Hoe moet ons konflik hanteer?

In alle konflik situasies moet mens eerlik wees en moet jy met die waarheid werk.

- Die Here konfronteer Jerobeam reguit. Hy was slegter as enige iemand voor hom.
- Die Here bedoel met die woorde dat die konings Saul, Dawid, en Salomo nie een so sleg was soos hy nie.
- Miskien kan ons ook dink aan die rigters, byvoorbeeld die skouerkleed van purper en goud wat deur Gideon gemaak is en wat deur die hele volk in die stad Ofra aanbid is (vergelyk Rigters 8:27; 1 Samuel 22:17; 1 Konings 11:5-8).

Die saak waaroor dit gaan, is dat geen mens met 'n valse Godsbeskouing voor die oordeel van die Here gaan wegkom nie.

- Daarom is die Here in hierdie konfrontasie nie net reguit oor Jerobeam se verlede nie.
- Die Here is ook reguit oor sy toekoms.

Prakties gestel beteken dit dat jy in 'n konflik situasie die gevolge van iemand se verkeerde optrede moet kan aantoon.

- Kyk hoe doen Agia dit met Jerobeam: Omdat Jerobeam na soveel genade wat die Here aan Hom bewys het, nie tot eer van die Here kon lewe nie, het die Here alles van hom af wegneem.

Baie reguit en berekend word aan hom vertel dat geen man uit sy hele geslag ooit in 'n graf sal lê na hulle dood nie.

- Die honde en die roofvoëls sal hulle opvreet.
- Daar is een enkele uitsondering: Die klein Abia. Hy was die enigste een in wie die Here iets goeds kon kry, en daarom sal hy in 'n graf begrawe word.
 - Hy sou nie van sy siekte gesond word en bly lewe nie.
 - Die oomblik as Jerobeam se vrou by die stad terugkom, gaan die kind sterf.

Ons moet natuurlik beseef dat konfrontasie nie altyd negatief hoef te wees soos tussen Agia en Jerobeam se vrou nie (wat ten diepste maar 'n konfrontasie tussen die Here en Jerobeam was).

- Daar is ook geleenthede waar gelowiges in konflik gaan kom wanneer een van hulle nie kans sien om sy roeping uit te voer nie.
- 'n Voorbeeld is toe Elia vir Obadja gestuur het om vir Agab te gaan roep omdat die Here weer reën wou gee (1 Konings 18:1vv).
- Obadja wou nie, en Elia moes hom ernstig vermaan om dit tog te doen.
 - Dit was nie 'n lelike konflik nie.
 - Dit was bloot twee gelowiges wat mekaar vermaan het om te doen wat die Here gedoen wil hê.

Miskien sou ons kon sê dat die konflik tussen Agia en Jerobeam se vrou gematigd en beheersd was omdat ons nie uit die Bybel kan agterkom dat hulle hatig en onvriendelik teenoor mekaar was nie.

- Maar dit beteken nie dat gelowiges nooit in situasies van aggressie sal beland nie.
- Toe Agab by Elia gekom het nadat Obadja hom gaan roep het, het hy Elia uitgeskel as 'n oproermaker onder die volk (1 Konings 18:17).
- Veral in daardie tyd was dit baie erg om so 'n konnotasie aan jou persoon te hê.

Die Here Jesus self was twee keer in 'n situasie waar Hy 'n sweep in die hande gekry het en die mense uit die tempel uit verwyder het.

- Niemand het iets aan Hom gedoen nie, want hulle het besef dat Hy met gesag optree.
- Die Bybel sê dat die skare verslae was oor sy leer (Markus 11:18).

Die beginsel is duidelik. In alle konfrontasie moet jy seker wees dat jy die saak en die eer van die Here dien.

4. Gaan volg die Here Jesus en leef reguit tot Hy kom.

Ons hele saligheid het natuurlik tot beslissing gekom in Jesus se konfrontasie met die dood en uiteraard daarmee saam teen die duiwel en sy magte.

- Met sy dood en opstanding het Jesus sy Goddelike mag en sy Goddelike gesag geopenbaar.
- Dit is 'n gesag waarmee Hy ons vrygemaak het van alle vrees en bedreiging.
- Ons hoef vir niemand bang te wees nie, want daar is niks en niemand wat iets aan ons kan doen sonder die wil van God nie.

Maar, aan die ander kant het dit ons met geweldige verantwoordelikhede belaa.

- Ons mag nie standpuntloos deur die lewe gaan nie.
- Ons moet bereid wees om op elke gebied die saak van die Here te stel.

Daarom moet ons ook duidelikheid kry oor wie die persone is teen wie ons konfrontasie gerig moet wees, en waaroor dit moet gaan.

- Ons moet die Here se saak stel teen enige een wat die eer van die Here, die kerk van die Here of enige gelowige bedreig.
- Dit kan jou buurman wees. Moontlik iemand wat saam met jou werk. Dit kan die owerheid van die dag wees.

Die saak is eintlik eenvoudig: Jy kan in die dood lewe, of jy kan lewe in die dood.

- Jerobeam en sy vrou het gelewe in die dood. Hulle het verlore gegaan.
- Agia het in sy dood nog gelewe, want almal wat getrou die Here dien, lewe in hulle dood in sy koninkryk voort.
- Ons moet nou al die beginsels van die ewige lewe in ons omgang met ander mense laat uitkom.

Kom ons pas dit toe op onself.

- Dit gebeur so maklik dat ons iets doen om gewild te wees by ander mense – 'n verkeerde ding of standpunt.
- Dit gebeur ook dat ons soms maar net inval by die hoofstroom van standpunte wat algemeen aanvaarbaar is vir die samelewing, maar dan is dit dinge wat nie vir die Here en sy eer aanvaarbaar is nie en ook nie die welsyn van sy kerk dien nie!

- Mens kry in hierdie situasie iets van hierdie dinge terug in dit wat die Here vir Jerobeam gesê het:
...jy het vir jou ander gode en gegote beelde gaan maak om My te terg en My agter jou rug te gooi... (1 Konings 14:9 AFR1953).

Ons sal net verbondskinders die toekoms kan instuur as ons hulle met die verbond van die Here grootmaak.

- Hier word ons eerlikheid en ons getuienis van ons geëis.
 - Ons sal hulle baie duidelik en afgebakend moet leer wat vir die Here reg en verkeerd is.
 - En ons sal ons kinders moet leer om standpunt in te neem teen dinge en standpunte wat verkeerd is.
 - Hulle sal hierdie voorbeeld by ons as ouers moet sien sodat hulle dit prakties kan navolg!
- Ons kan net met ander mense en met God saamlewe as ons ons pad reguit loop.
 - As ons op enige manier skynheilig is, of toelaat dat die Here uit ons lewens en ons opvoeding uitgeskuif word, gaan die Here ons daarvoor konfronteer.
 - Dis nie al nie. As ons standpuntloos is of “Ja-Jannies!” wat maar net die hoofstroom volg, is dit die vinnigste manier om seker te maak dat mense hulle respek vir ons verloor!

Die Here benader ons nie diplomaties – sag en omseilend – sonder om by die punt te kom nie.

- In elk geval glad nie onder die vlag van wêreldgelykvormigheid nie, want dit is suiwer heidens.
- Ook nie op die front wat baie van ons voorhou, naamlik dat ons modern is en dat tye verander het nie. Jerobeam was juis op daardie waentjie wat (vir sy tyd) die moderne alternatiewe vir sy mense aangebied het.

Die Here gaan ons en ons wêreld aanvat op dit wat agter die skerms lê – in die diepste raadskamers waar God uitgefaseer word uit sy eiendom en uit sy skepping uit.

- Hy gaan die kwaad uitroei omdat baie mense se geloof so swak geword het dat hulle soms glad nie meer kan onderskei nie.
- En omdat die gemiddelde mens se Bybelkennis al grootliks so weggedroog het dat godsdiens vir hulle maar net godsdiens is en dit nie meer saak maak wie God is en wie nie.

U word vanoggend deur die Here by die kerkdeure uitgestuur om hierdie week vir Hom te gaan getuig.

- Ons word deur die Here gestuur om teen die ongelowiges te gaan staan en die waarheid teenoor die leuen te stel.
- Ons sal dit net kan doen as ons nie soos Jerobeam ander gode ook het nie, en as ons nie soos Agab die Here totaal verwerp het nie.

Ons opdrag is duidelik.

- God gee ’n harde boodskap. Gaan dra dit oor.
- Agia moes ook. En hy het.

Gaan vertel die waarheid: Dit beteken nie net dat ons net moet vertel van die oordeel van die Here nie.

- **Gaan vertel veral van die verlossing wat daar is wanneer ons tot bekering kom.**
- Gaan vertel van ver insigte wanneer die Heilige Gees ons begin lei en daar vir ons wêreld en tye oopgaan wat deur geen Godsverlater gesien kan word nie.
- Gaan getuig van insigte wat by hierdie lewe verbygaan en wat so sterk is dat ons nou al die nuwe hemel en die nuwe aarde sien, waar die wat hier op die aarde glo, tot in ewigheid woon.

Amen.

Slotgebed

Slotpsalm 30:1 (p. 138)

- 1 Ek sal met hart en mond, o HEER, / u roem verkondig en u eer;
U het in guns na my gebed / geluister en my uitgered,
sodat die man wat my bestry het, / nie oor my smart hom kon verbly het.

Die HERE sal jou seën en jou behoed;
Die HERE sal sy aangesig oor jou laat skyn en jou genadig wees;
Die HERE sal sy aangesig oor jou verhef en aan jou vrede gee.

Amen.

Dr MJ du Plessis
Gereformeerde Kerk Bellville
Datum: 30 Januarie 2011